

3 November

Skrifgedeelte: 3 Johannes

Fokusgedeelte: 3 Johannes:11

Handklap en betuig!

Dink oor 'n rolprent oor jou hande. Wat sou ons sien as die dade van jou hande in 'n film aan ons vertoon word? Wat maak jy alles met jou hande?

Dit is die praktiese vraag waarby die derde brief van Johannes ons wil uitbring. In die gemeente aan wie hy skryf, was daar 'n groot verskil in hoe mense hulle liefde uitgeleef en betoon het. Johannes verwys na twee spesifieke persone, Diotrefes en Demetrius.

Diotrefes se voorbeeld laat 'n wrang smaak in die mond en is dus glad nie 'n voorbeeld om na te volg nie. Hy aanvaar nóg die gesag van Johannes as apostel nóg dié van sy medewerkers. Dit blyk dat hy nie die besoekende predikers se optrede of reëlins wou aanvaar nie. Hy is 'n kwaadstoker, hy versprei slegte en valse gerugte. Sy optrede versteur die gemeenskap van die gelowiges. Hy volg sy eie kop en steur hom nie aan die waarheid en die liefde nie. Sy hande wys die vinger in beskuldigings, hulle maak vuiste in beledigings en vorm bakhand in beskinding. Só mag ons nie leef nie en ons moet nie dié verkeerde voorbeeld volg nie. Wie verkeerd doen, het God nie gesien nie.

Teenoor Diotrefes is daar Demetrius. Oor hom word net die beste getuig. Sy hande het die kwaad vermy, hulle het die waarheid gesoek. Uit sy optrede straal 'n liefde vir die waarheid, dit wil sê 'n Christusgesindheid. Dit is die voorbeeld wat ons moet navolg. Wie goed doen, behoort aan God.

Gaan dink weer oor hoe jý leef met jóú hande – laat die hande van Jesus jou tot voorbeeld wees. Sy hande is hande wat uitreik na kinders, 'n sieke aanraak, wat sorg vir ellendiges, wat as offer aan die kruis vasgeslaan is, wat getuig van sy liefde vir almal wat op sy pad gekom het.

Sing: Psalm 47:1 Ds WGM Kotze (Rooihuiskraal)